Aankondigings

Sondag, 22 November 2020

08h30 Klassieke diens, Kusweg – Ds. Melissa Hoffmann
10h00 Familiediens, Lofsentrum – Ds. Melissa Hoffmann
18h00 Koffiekroeg (Tieners), Lofsentrum

Mid-week Diens : Woensdag, 18h00 - Kusweg

Volgende Sondag, 29 November 2020 - Ds. Johan Botes

Gebedslys

Siekes Tuis:

- Riaan van Niekerk (Calvynstr 10, Strand) S4
- Kotie Loots (Gondolaweg 7) S6

Elektroniese dienste sal later in die week beskikbaar wees op die Webwerf, YouTube, Facebook en WhatsApp-groep. Hou asb die kommunikasie-mediums dop vir meer inligting.

Gebedstema: (25ste Sondag in Koninkrykstyd.)
Sleutelteks: Psalm 100 **Ander tekste:** Esegiël 34:11-16, 20-24; Efesiërs 1:15-23; Matteus 25:31-46

" Dien die Here met blydskap. Kom voor Hom en sing met vreugde. Erken dat die Here God is! Hy het ons gemaak, en ons is Syne, sy volk, die skape van sy weiveld."

Wanneer dit saam gelees word, onthul al hierdie week se tekste die koningskap van Christus. Die fokusteks uit Psalm 100 is 'n dankpsalm wat uitgejubel word wanneer die volk die tempel binnegaan om die Here te aanbid. Paulus se gebed in Efesiërs 1 sluit hierby aan wanneer hy verwonderd is oor die feit dat dieselfde opstandingskrag waarmee God vir Christus uit die dood opgewek en in die hemel aan sy regterhand laat sit het, kragtig in die lewe van gelowiges werksaam is. Die tekste uit Esegiël en Matteus stel God as herder voor. Vir Esegiël is God die herder wat op die oordeelsdag sy skape uit al die volke bymekaarmaak en versorg. Esegiël verwys ook na God wat regverdig oordeel oor skaap en skaap en dat Hy Dawid as regeerder en herder oor hulle aanstel. In Matteus tel Jesus hierdie tema op wanneer Hy homself voorstel as die hemelse koning wat as herder die skape van die bokke skei. Die beginsel waarvolgens Hy oordeel, is of hulle goed gedoen het aan die geringstes, want in soverre daar goedheid aan die geringstes bewys is, is dit aan Christus die Koning bewys. - Ons kan ons Koning met blydskap dien!

Gebed: Die wet van die Here en verootmoediging

Ons staan vandag voor die troon van die Here en die Here maak sy wil aan ons bekend:
Gemeente: Die Here het gesê: Vir sover as wat ons dit aan een van die geringstes gedoen het, het ons dit aan Hom gedoen.
Ek was 'n vreemdeling **Gemeente: en ons het U nie gehuisves nie.**
Ek was sonder klere **Gemeente: en ons het nie vir U klere gegee nie.**
Ek was siek en in die tronk **Gemeente: en ons het U nie versorg nie nie.**
Jesus, Lam van God, **Gemeente: wees ons genadig!**
(uit Matt 25:31-46).

Kusweg Lofsentrum
NG GEMEENTE GORDONSBAAI

Kalender

Ma 23 Nov	Laate dag vir Worsbestellings		12h00
	Narcotics Anonymous (Kusweg)		19h15
Do 26 Nov	Kerkraadsvergadering (Kusweg)		19h00
	Musiekgroep (Lofsentrum)		18h00
Vry 27 Nov	**WORSDAG** (Kusweg)	11h00 -	16h30
	(laaste een vir die jaar)		
Ma 30 Nov	Narcotics Anonymous (Kusweg)		19h15

Koffiekroeg

Koffie kroeg vir **tieners**

Sondae vanaf 18h00 – 20h00 by die Lofsentrum, met

"Into the Wild"

Kom kuier saam (ons het koffie), kom gesels saam (ons praat oor jou roeping) en kom speel saam (ons het tafel tennis).

Jy moet 13 jaar of ouer wees om by te woon.

Vir navrae kontak :

BASAAR!!

Ons basaar het die fantastiese bedrag van **R35 297.07** ingesamel.
Baie dankie vir elke een se harde werk en almal se ondersteuning om van hierdie dag 'n groot sukses te maak!

Heropening van eredienste

Ons is baie dankbaar en opgewonde om aan te kondig dat dienste onder Vlak 1 van die staat van inperking op Sondag, 4 Oktober 2020 by albei kerkgeboue sal hervat. Dit is belangrik om te onthou dat hierdie nog nie soos in die verlede sal wees nie, en dat ons nog streng aan die regulasies soos afgekondig moet voldoen. Vir die voorsienbare toekoms tot verdere kennisgewing sal die volgende reëls streng toegepas moet word:

Algemeen

- Daar word besluit dat eredienste vanaf Sondag, 4 Oktober by beide geboue teen 50% kapasiteit sal hervat. Strenge protokol en veiligheidsmaatreëls sal gevolg word.
- Geen kinders sonder die toesig van 'n volwasse persoon sal toegelaat word nie.
- Geen koffie / tee mag bedien word nie.
- Kollekte sal slegs by die deur opgeneem word. 'n Persentasie daarvan sal aan die geallokeerde instansie (vir deurkollekte volgens almanak) oorbetaal word.

Kusweg – 08h30

- Daar sal in totaal 150 sitplekke in die (1e) kerk, (2e) konsistorie en (3e) saal geallokeer word.
- Meting van temperatuur en handsanitasie sal by die ingang gedoen word.
- Dra van maskers bly verpligtend tydens die diens.
- Daar sal wel sang wees, maar met maskers. Twee voorsangers sal sonder maskers sing (voorste bank bly leeg).

Lofsentrum – 10h00

- Daar sal 250 stoele in die saal en moederskamer uitgepak word.
- Meting van temperatuur en handsanitasie sal by die ingang gedoen word. Slegs hoofingang sal gebruik word vir ingang. Die Moederskamer skuifdeur sal na die diens oopgemaak word vir uitgang.
- Dra van maskers bly verpligtend tydens die diens.
- Daar sal wel sang wees, maar met maskers. Twee voorsangers sal sonder maskers sing (voorste bank bly leeg).

Mid-week Dienste

- Die datum vir opening van die Mid-week Dienste sal nog met die rolspelers bevestig word.
- Diens van Barmhartigheid sal steeds die reëlings koördineer.
- Woensdae van 18h00 – 19h00.

Ander reëlings

- Kerkkantoor is weer oop vanaf Maandag, 5 Oktober 2020 (09h00 – 12h00).
- Voornemende Lidmate – Woensdag, 7 Oktober 2020 om 18h30 by Kusweg Konsistorie.
- Doopgesprek – Woensdag, 14 Oktober 2020 om 18h30 by Kusweg Konsistorie.
- Begrafnisse en Troues kan weer voortgaan onder COVID protokols (albei geboue).

NB: Intussen moet al ons uitgawes nog steeds hanteer word. Ons wil lidmate aanmoedig om ons gemeente asseblief FINANSIËEL te bly ONDERSTEUN.

Kusweg Lofsentrum
NG GEMEENTE GORDONSBAAI

HALLELUJA WORS

Laaste Bestelling vir die jaar!

Heerlike plaaswors en maer bees maalvleis @ R90/kg te koop.

Plaas jou **bestelling teen Maandag, 23 November om 12h00** op die lyste in die voorportaal of kontak die Kerkkantoor op 021-856-1654 of admingbaai@absamail.co.za

Afhaal: Vrydag, **27 November 2020** vanaf **11h00 – 16h30** by Kusweg.

OGGENDKONSERT!

Die Blondes: Zorada Temmingh en Elna van der Merwe wêreldbekende pianiste op twee klaviere

Blondes **speel Mozart, Beethoven en ….**

Beatles!

Datum: Saterdag, 6 Februarie 2021 om 10h30
Waar: NG KERK Suider-Strand
H/v Gordonsbaaiweg en Alex Pienaarstraat, STRAND

Kaartjies @ R100 by S-Strand Kerkkantoor 021-854-5076 en NG Gordonsbaai Kerkkantoor of skakel Trina by 084-774-3532
Bespreek vroegtydig om teleurstelling te voorkom!

ECO FIRE & BRAAI blokke

- Geskik vir kaggel en braai
- Brand soos hout
- Maak warm kole wat lank hou
- Saamgepersde druiwepitte
- Eco vriendelik
- Verpak in 5kg karton boks

1	boks	= R 35
3	bokse	= R100
10	bokse	= R310

Haal en betaal; Geen aflewerings

BESKIKBAAR: by Jurgen 084-714-3609

Ten bate van Casablanca
"Kinders vir die Koning"

Huis Esperanza Inhuis Kersmark
vanaf 13 tot 29 November 2020

Kom loer gerus na die verskeidenheid items te koop by ontvangs.

Spesiale Verkope :

13 November 14h00 **Waterblommetjiebredie** @ R45/500ml
20 November 10h00 **Poeding** @ R8/250ml
27 November 10h00 **Kerrie & Rys** @ R35/350ml
23, 25 en 28 November
Ons gewilde **Tuisgebakte Brood** @ R20 per brood

Voorkom teleurstelling en plaas u bestellings vroegtydig by Susan 021-854-7393.

NUWE INTREKKERS

Daar is aanmeldingsvorms in die voorportaal by Kusweg Kerk en by die Infodesk by die Lofsentrum geplaas. Vul asb. jou naam op die lys in, indien jy 'n nuwe intrekker is wat graag by ons gemeente wil inskakel. Ons sal jou kontak met die relevante informasie.

LIDMATE

Alle nuwe lidmate word hartlik uitgenooi na die byeenkoms vir voornemende lidmate. Die leraars wil u graag daar ontmoet, verwelkom en bekendstel aan alles wat ons gemeente bied en waarby julle kan inskakel. Gegewens om u lidmaatsertifikate aan te vra, moet ook by hierdie geleentheid ingevul word. Die volgende byeenkoms vind plaas by die Kusweg Kerkgebou om **18h30 op 3 Februarie 2021.**

DOOP

Die volgende Doopgesprek is op **Woensdag, 10 Februarie 2021** om 18H30 in die konsistorie (Kusweg Kerkgebou). **Voornemende doopouers moet vooraf die Doopvorms by die Kerkkantoor kry en *BYWONING BESPREEK*** asook die ***VORM INHANDIG*** voordat jy die byeenkoms kan bywoon. Altwee ouers moet die gesprek bywoon asb. Skakel 021- 856-1654 of e-pos **admingbaai@absamail.co.za**

Kusweg Lofsentrum
NG GEMEENTE GORDONSBAAI

Kontakbesonderhede

KERKKANTOOR
Kusweg 87
Posbus 15, Gordonsbaai 7151

Nommer & Epos
021- 856- 1654
ngkgordonsbaai@absamail.co.za
(Sanette)
admingbaai@absamail.co.za
(*Madalene*)

Orrelis
Ronelle Hoogenhout: 083- 474- 8123

Koster
Ruben van Wyk: 021- 856- 1654
(Woensdae af)

MAATSKAPLIKE WERKER
Margareth Knipe
021- 856- 2472
maatskaplikngk@gmail.com
Kantoor tye:
Maandag, Woensdag & Vrydag.
Skakel vir 'n afspraak of laat 'n boodskap.

NOODNOMMER
Na-ure slegs vir krisisse en onmiddellike ondersteuning

072- 282- 1742

PREDIKANTE
Streekindeling Predikante:
Vir pastorale versorging kan die predikante as volg gekontak word:

Ds. Melissa Hoffmann:
Streke 2, 4, 6, 8 & Summervale
021- 856- 2683 / 066- 220 -7498
ellis.melissa94@gmail.com

Ds. Johan Botes:
Streke 1, 3, 5, 7, 9 en Summervale
KiX & Nasorg Klub
081-049-8362
sondagoggend@gmail.com

DIENSGROEPE
Gasvryheid en Nuwe Intrekker Inskakeling
Floris Theart 084-7515-771

Funksies en Verversings
Francoisnette van Zyl 082-851-9580

Finansies- en Bateontwikkeling
Hein Loots 076-600-4484

Barmhartigheid & Getuienis
Herman Lourens 083-228-1069

Gebedsbediening en Geestelike Begeleiding
Erik Brits 082-883-2520

Kleingroepe
Amanda van Wyk 084-504-9747

Hulpbronne en Administrasie
Sanette Strydom 021-856-1654

Lofbediening en Familie
Wynand du Plessis 072-940-5144

Kommunikasie
Vakant – kom help ons asb!

Lidmate WhatsApp groep:
https://chat.whatsapp.com/EAEfRdNB58Togpe1zQpWY5

Kliek op die skakel hierbo en sluit aan om gereeld inligting en nuusbrokkies te ontvang.

d6 business

D6 COMMUNICATOR:
Hierdie ROOI d6 Business moet van nou af geïnstalleer word.
Aanwysings op pamflette in die voorportaal / info desk beskikbaar.

www.ngkerkgordonsbaai.co.za

Dit is vir ons belangrik om met u te kan kontak hou. Onthou om die Kerkkantoor te laat weet indien u kontakbesonderhde verander. ☎💻

Baie dankie aan ons borg vir die aankondigings

Essential IT Solutions
Georgestraat 89, Strand | 021-853-4790

Rekeningnaam: *NG Kerk Gordonsbaai*
Bank: *ABSA*
Nommer: *420 580 010 (Tjek)*
Takkode: *334312 (Strand)*

Voorletter(s), van of waarvoor (projek-naam / dankoffer)